Curriculum Vitae – Dr Willem Adriaan Cruywagen

Willem Cruywagen is op 9 Maart 1921 op Ugie in die Oos-Kaap, vroeër bekend vir die groot weeshuis wat daar gevestig was, gebore. Hy matrikuleer aan die Hoërskool Elliot en studeer verder aan die Graaff-Reinetse Onderwyskollege waar hy vir die kollege se eerste span rugby gespeel het en ook voorsitter was van die studenteraad. Hy gee vir 'n paar jaar onderwys aan skole in die Oos-Kaap waarna hy voltyds aan die Universiteit van Pretoria studeer. Hy verwerf die B.A. (Hons)-graad en doen navorsing oor president Paul Kruger vir 'n Meestersgraad wat onvoltooid bly weens sy toetrede tot die politiek. Aan die U.P. was hy onder andere redakteur van die studenteblad *Perdeby* en lid van die Dagstudente Huiskomitee.

Hy werk as onderwyser op Brakpan en Germiston waar hy 'n leidende aandeel het in 'n wye reeks kultuuraktiwiteite en skoolsport. Hy was voorsitter van die Germiston-Boksburg Skolerugby-subunie en voorsitter van die skeidsregtersvereniging van dieselfde streek. Hy was ook vir jare 'n senior skeidsregter van die toenmalige Transvaalse Rugby-unie.
Hy word in die middel vyftigerjare tot die stadsraad van Germiston verkies. Hy is in 1956 'n stigterslid van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika en dien dié liggaam vir etlike jare as penningmeester en hoofbestuurslid. In 2006 het die Historiese Genootskap van Suid-Afrika ere-lidmaatskap aan Dr Cruywagen toegeken vir sy bydrae tot die Genootskap en die Geskiedeniswetenskap in die algemeen. Hy was 'n stigterslid van die Germistonse Rapportryerskorps en is 'n erelid van die Korps.

In 1961 word hy verkies tot Volksraadslid vir Germiston en verteenwoordig die kiesafdeling vir agtien jaar. Hy dien in verskeie parlementêre koukusgroepe en gekose komitees en ook as Transvaalse sweep. In 1974 word hy bevorder tot adjunkminister van Binnelandse Sake en dien later in dieselfde hoedanigheid in die eertydse Departement van Bantoe-administrasie. In laasgenoemde departement het hy 'n beduidende rol gespeel in gemeenskapsontwikkeling, behuising en skakeling met die tuislande.

In 1978 word Dr Cruywagen minister van Onderwys en Opleiding. In hierdie portefeulje het hy onder andere 'n aandeel gehad in die vestiging van Medunsa (Mediese Universiteit van Suider-Afrika), die verbetering van onderwysersopleiding en die verbreding van vlakke van volwasse onderrig. Daarna word hy minister van Nasionale Opvoeding en beywer hom veral vir beter oorlegmeganismes vir die bepaling van die vergoeding van die opvoedergemeenskap.

Na 'n redelike kort verblyf in Nasionale Opvoeding word Dr Cruywagen in 1979 aangestel as Administrateur van Transvaal, 'n pos wat hy vir nagenoeg nege jaar beklee tot met sy aftrede op 31 Mei 1988. Dit word allerweë erken dat die Cruywagens as Administrateurspaar 'n besondere stempel op die pos afgedruk het en met hulle hardwerkendheid, inisiatiewe, meelewing en openbare optredes 'n besondere hoë standaard gestel het.

Dr Cruywagen se aandeel in die herstrukturering van die nuwe staatkundige bedeling op provinsiale vlak was beduidend. Dieselfde kan gesê word van sy rol in die ontwikkeling van swart plaaslike besture, die afskaffing van Ontwikkelingsrade en die daarstelling van Streeksdiensterade. Hy het besondere hoë aansien geniet by plaaslike besture vir die wyse waarop hy met hulle onderhandel het en vir hulle belange voorspraak gemaak het. Hy is deur verskeie plaaslike besture, wat ereburgerskap aan hom toegeken het, vereer te wete Elsburg, Germiston, Springs (saam met mev. Cruywagen), Middelburg en Alberton.

Dr Cruywagen was vir baie jare voorsitter van die Beheerraad van die Voortrekkermonument, die Transvaalse Raad vir die Uitvoerende Kunste (TRUK) en die Presidensie Gholfklub. Hy is vanaf 1979 lid van die Hendrik Verwoerd Trust (later omvorm tot die Hendrik Verwoerd Navorsingstrust) en vanaf 1984 voorsitter. Hy was lid van die Nasionale Parkeraad, ere-visiepresident van die Roodepoort Internasionale Eistedfod en beskermheer van tientalle organisasies.

Dr Cruywagen het na sy aftrede steeds betrokke gebly en was ook nasionale voorsitter van die Stigting Simon van der Stel, lid van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, voorsitter van die Gautengse Raad vir Bejaardes en lid en onder-voorsitter van die S.A. Raad vir Bejaardes. Voorts was hy by onderwyssake betrokke by die Pretoriase Kollege en SASOO (Suid-Afrikaanse Stigting vir Onderwys en Opleiding). Hy het gedien op die Staatspresident se Adviesraad vir die Ordewese en was ere-kolonel van die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. se militêre eenheid tot die ontbinding van die eenheid. Hy was ook vir etlike jare voorsitter van die Pretoriase Raad vir Bejaardesorg en dien tans nog as lid van die komitee van Ekspo 50 + wat jaarliks die Internasionale Dag vir Ouer Persone in Pretoria reël. In Oktober 2006 is 'n ere-toekenning aan Dr Cruywagen gemaak as gerespekteerde rolmodel en presteerder in senior-geledere."

'n Groot aantal toekennings en eerbewyse is aan Dr Cruywagen gemaak waaronder die volgende: Benewens die ere-burgerskappe het hy vir die bewaring van die land se

argitektoniese erfenis die toekenning, *Patronus van Argitektuur* van die Suid-Afrikaanse Instituut van Argitekte ontvang. Hy is die houer van die raadsmedalje van die Randse Afrikaanse Universiteit vir sy aandeel in die stigting van die Universiteit. Die Transvaalse Onderwysersvereniging het hulle erepenning en die Voortrekkerbeweging ere-lidmaatskap aan hom toegeken. In 1987 is hy en mev Cruywagen aangewys as Pretorianers van die Jaar.

In 1987 ontvang Dr Cruywagen die Orde vir Voortreflike Diens Klas 1 Goud (OVDG) van die Staatspresident en in 1988 word hy die houer van die Suid-Afrikaanse Polisiester vir Uitmuntende Diens (SOE).

Die graad D.Phil (honoris causa) is in 1989 ingevolge 'n besluit van die Raad van die Universiteit van Pretoria aan Dr Cruywagen toegeken as erkenning vir sy bydrae tot gemeenskapsdiens.

Dr Cruywagen het die goue medalje van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede ontvang en hy was die eerste ontvanger van die erepenning van die Instituut van Gemeenskapsaangeleenthede. Vir sy besondere en volgehoue kultuurarbeid het die F.A.K. hulle hoogste toekenning, die erepenning vir Volksdiens, aan Dr Cruywagen toegeken.
Insgelyks is hy ook deur die Rapportryerbeweging vereer met die beweging se hoogste toekenning, die Danie Theron-toekenning.

Benewens sy volgehoue lidmaatskap van verskeie organisasies is hy tans voorsitter van die Navorsingstrust van die Erfenisstigting, die Hendrik Verwoerd Navorsingstrust, die komitee vir die reëling van die jaarlikse kranslegging by die Irene konsentrasiekampkerkhof asook van die South African Association of Senior Organisations (SACSO). Hy is ook 'n lid van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns. Hy dien ook as beskermheer van die Groeptak Staatsdienspensioentrekkers, die Afrikaanse Volksang en Volkspelebeweging en die Maatskappy vir Immigrasie.

Dr Cruywagen was saam met wyle Dr C.P. Mulder die samesteller van twee werke. *Die Eerste Skof van die Nasionale Party in Transvaal 1914 -1964* en *1948 -1968* en *nou die toekoms.* Onder sy hand het ook artikels verskyn in die Tydskrif vir Publieke Administrasie (Nr. 3. Sept. 1984), *Fokus* 2 (publikasie van die Jeugraad van die FAK, (1982), saam met Dr J.E. Pieterse en prof. Dr J.A. Heyns), *Familia* (Genealogiese Genootskap) en *Historia* (Historiese Genootskap). Hy het ook met 'n groep bekende Suid-Afrikaners elk 'n hoofstuk bygedra vir *Dit*

het die lewe my *geleer,* saamgestel deur Henno Cronje, 'n publikasie wat ook in Engels verskyn het. Hy het voorts voorwoorde en boodskappe vir 'n verskeidenheid publikasies gelewer. Sy proefskrif oor die Cruywagens, 'n genealogiese kultuur-historiese ondersoek (1690 -1806) waarmee hy op 83-jarige leeftyd in 2004 die PhD aan die Noordwes Universiteit verwerf het, het reeds in boekvorm verskyn. Die *werk* word aangeprys as *"baanbrekerswerk op die terrein van die Afrikaanse Kultuurgeskiedenis".* By die vrystelling van die boek het prof Flip Smit van Dr Cruywagen gesê (sy) *"aftrede beteken nie uittrede in toegewyde diens aan die gemeenskap en die wetenskap nie".* Dr Cruywagen werk verder aan die geskiedenis van die familie wat ook later in boekvorm mag verskyn.

Dr Cruywagen is getroud met Snow Cruywagen, 'n verbintenis wat reeds 59 jaar duur. Hulle het twee getroude seuns en vyf kleinkinders.